

# 'SA Agulhas II' pak weer die tog na Antarktika

Dit is "Antarktiese seisoen" en die Kaapstad-hawe is gereed daarvoor.

Die *SA Agulhas II* vertrek Donderdag na dié vasteland.

Die departement van omgewingsake sê in 'n verklaring die Antarktiese seisoen, wat van November tot Maart duur, is die tydperk wanneer dié vasteland bereikbaar is.

Die departement het aangekondig hy oorweeg dit om 'n sentrum in Kaapstad se hawe in te rig wat as 'n internasionaal strategiese sentrum kan dien.

Die sentrum kan volgens die departement as basis gebruik word vir al die lande wat van



Leerlinge kyk na 'n model van die *SA Agulhas II*.

Foto: JACO MARAIS

Kaapstad na Antarktika gaan. Dit sluit onder meer lande soos Duitsland, Noorweë, Rusland, België, Engeland, Swede en Ne-

derland in.

Daar is nog nie besluit op 'n perseel wat die beoogde sentrum sal huisves nie.